

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## Watter God Dien Jy, En Weet Jy Sy Naam?

*Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in 'n kleed saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? **Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun – as jy dit weet?** Spr. 30:4.*

Christene sal eenstemmig wees dat daar net een Lewende God is en dat dit die God is wat hulle dien! **Maar** sou aan hulle Spr. 30:4 voorgehou word, sal weinig die vraag in hierdie teksvers kan antwoord, naamlik: *En hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van Sy Seun – as jy dit weet?*

Vir die verre meerderheid van Christene is die 'naam' van die god wat hulle dien *Here* en *God* en is die naam van *Sy Seun Jesus*.

Kom ons kyk eerstens na dit wat Christene as die 'naam' van die Enigste Lewende God beskou! In Jes. 42:8 lees ons, volgens die Afrikaanse vertaling van 1933, die volgende: *Ek is die HERE, dit is my Naam; en my eer sal Ek aan geen ander gee, of ook my lof aan die gesnede beelde nie.* Volgens hierdie Skrifgedeelte is die God wat ons aanbid se naam *HERE*. En omrede dit in die Afrikaanse vertaling van die Skrifte so geskryf is, glo Christene dit. Maar is dit werklik *Sy* persoonlike Naam? Baie min Christene het hulleself al hierdie vraag gevra?

Hierdie vraag is soveel meer van toepassing in die lig van ondermeer Jes. 26:13 (1933 vertaling) wat lees: **HERE**, *onse God, ander here* **buiten U het oor ons geheers, maar deur U alleen prys ons ú Naam. Hier word dieselfde woord, naamlik **here** vir twee verskillende persone of groepe van persone (entiteite, wesens) gebruik. Dieselfde 'naam' vir die Enigste Ware God, asook vir ander gode??!! Dit opsig self is tog bewys dat die Ware Lewende God se Naam nie *Here* kan wees nie!**

In die verband skryf Paulus in 1 Kor. 8:5 dat daar baie sogenaamde *gode* en *here* is. By implikasie sê hy egter dat daar slegs een Ware God en een Ware *Here* is. Ons weet dat ten opsigte van afgodery is daar 'n magdom van gode wat 'n naam het en waar die titel *god* en *here* (*lord*) saam met die persoonlike naam van die afgod gebruik word. Om dus te praat van, en te verwys na *god* en *here*, is om te veralgemeen!

Die woord *God* en *Here* is nie 'n persoonlike naam nie, maar wel 'n generiese naam wat 'n titel en beskrywing van die amp, of status, of vermoë, of kwalifikasie van 'n persoon is. Byvoorbeeld: *Pastoor* is die titel van die persoon

wat die herder van 'n gemeente is en verwys na die amp wat hy beklee, asook na sy status en die kwalifikasie wat hy verwerf het. Dit is egter nie sy persoonlike naam nie, maar wel 'n generiese naam. Dit voorsien slegs inligting aangaande die persoon, naamlik dat hy die amp van 'n pastoor het. Indien daar tien pastore in 'n groep bymekaar sou wees, en jy roep: *pastoor*, sal al tien waarskynlik reageer. Indien jy egter roep: *Pastoor Jan*, sal die een wie se persoonlike naam *Jan* is, reageer.

Ons moet dus die verskil tussen 'n generiese naam en 'n persoonlike naam verstaan, want dit is baie belangrike inligting om te weet watter god aanbid word:

- 'n Generiese naam word gegee aan 'n mens, 'n lewende wese, 'n plek, 'n voorwerp, 'n produk en selfs aan 'n idee of konsep met die doel om dit van mekaar en van ander dinge te kan onderskei. 'n Generiese naam kan ook aan 'n bepaalde (unieke) groep of kategorie van mense, wesens, plekke, dinge, produkte, idees en konsepte gegee word. Daarom is *god* en *here* generiese name, want dit verwys na 'n bepaalde groep van mense of wesens.
- 'n Persoonlike naam identifiseer 'n bepaalde persoon, 'n goddelike wese, 'n plek of 'n produk en word gebruik om onderskeid te tref tussen persone, wesens, plekke en produkte of om 'n bepaalde persoon, wese, plek of produk te identifiseer.

Daarom sal enige verklarende woordeboek of ensiklopedie se definisie van *god* ondermeer die volgende bevat: *'n Bonatuurlike wese (opperwese) wat mag oor die mens en die natuur het en wat aanbid of vereer moet word.* Terwyl die definisie van die woord *here (lord)* ondermeer die volgende bevat: *'n Heerser; 'n Meester; Iemand wat gedien en aan wie gehoorsaam moet wees; Iemand met superioriteit.*

Die woord *god* en *here (lord)* is dus 'n generiese naam wat aan 'n bepaalde groep bonatuurlike individue (wesens) gegee word en wat hulle op grond van hulle vermoë en status onderskei van die res van die lewende wesens. So vind ons in alle gelowe *gode* en *here*.

Dit is wel verstommend dat ander afgodsgelowe weet wat hulle god of heer (*lord*) se persoonlike naam is. Vra byvoorbeeld vir enige Moslem en hy sal jou kan vertel dat sy god se persoonlike naam Allah is. Maar die verre meerderheid Christene ken nie die persoonlike Naam van hulle God nie! Dit behoort ernstige rede tot kommer te wees!! Hoe kan jy en ek aanspraak daarop maak dat ons iemand ken as ons nie eers sy persoonlike naam ken nie? Dit onderstreep die geldigheid van die vraag: *Watter God dien die jy en wat is sy naam?* Indien ons dan nie die Persoonlike Naam van die Lewende God ken nie, is die vraag: Hoe kan ons dan weet wie die god en here is wat ons aanbid en dien?

Die Almagtige wat ons aanbid is God en Hy is Here, maar dit is nie Sy persoonlike naam nie!! Hy is die Enigste Ware en Lewende God en Here, maar soos jy en ek het Hy ook 'n persoonlike naam wat Hom van al die ander gode en here onderskei. Hierdie Naam is die Naam bo alle *name wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige* (Ef. 1:21; Fil. 2:9).

Baie min Christene weet wat die persoonlike Naam van die Enigste Lewende God en Here is!!

Op hierdie punt moet ons die woorde van die Seun van die Lewende God onthou toe Hy aan die mense gesê het:

*Nie elkeen wat vir My sê: **Here, Here!** sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, **maar hy wat die wil doen van my Vader** wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: **Here, Here**, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: **Ek het julle nooit geken nie**. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk! Matt. 7:21 tot 23*

Kortom gestel beteken dit dat talle wat sê en bely dat hulle in die Lewende God glo, en wie se getuienis met tekens en wonders gepaardgaan, hulleself bedrieg, want hulle glo nie in die God van die Skrifte (Bybel) nie – nie soos Hy as die Almagtige Skepper-God van hulle vereis nie!! Daarom lees ons in die voorafgaande vers 14: *Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is **min** wat dit vind*. Is jy deel van die min of van die baie?

Die feit dat talle Christene nie die God van die Skrifte ken en dien nie, word nie noodwendig deur hulle woorde openbaar gemaak nie, maar wel deur hulle dade!! Die dade wat gedoen word op grond van dit wat geglo word, bepaal watter god gedien word. Daarom: Die wet waarvolgens 'n persoon lewe, bepaal watter god hy dien!! **Die mens wat volgens die wet van 'n ander god lewe, of volgens sy eie wil lewe, glo en dien nie die God van die Skrifte nie!!**

Hierdie stelling kan geregverdig word in die lig van vers 23 van Mattheus 7, naamlik: *Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!* Ongeregtheid is wetteloosheid en wetteloosheid is sonde (1 Joh. 3:4)! Diegene wat dus die God van die Skrifte se wet verwerp en as uitgedien beskou is besig met wetteloosheid en is diegene wat **NIE** die Enigste Ware Lewende God ken nie en wat **NIE** deur die Enigste en Ware Lewende God geken word nie!!

*Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy geboorte nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. 1 Joh. 2:4.*

*Wie my geboorte het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.*  
Joh. 14:21

Wat is dus die persoonlike Naam van die Lewende God en Here? Hierdie Naam is deur die vertalers van die Skrifte in Afrikaans, en in die meeste ander tale, vervang met die woord *God* en *Here* hoewel die ware Naam meer as 7 000 keer in die oorspronklike Skrifte gebruik word. Om dus die Persoonlike Naam van die Lewende God te ontdek, moet daar teruggegaan word na die oorspronklike Skrifte, want alleenlik daar sal ons die waarheid ontdek. So byvoorbeeld sal ons lees:

Weet daarom vandag en neem dit ter harte: , יהוה, Hy is God, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie. Deut. 4:39 (PWL Vertaling<sup>1</sup>).

*Luister, Yisra'el, יהוה is ons God; יהוה is Een.* Deut. 6:4 (PWL Vertaling)

*Daarom, ....., weet ons dat 'n afgod niks in die wêreld is nie en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een, want al is daar ook sogenaamde "gode," of dit in die hemel en of dit op die aarde is, soos daar dan ook baie "gode" en baie "meesters" is, is daar vir ons Een: God-die-Vader, vanuit Wie alles is en ons is in Hom; Een יהוה-Yeshua, Die Gesalfde Een, want alles is deur Hom en ook ons is in Sy hand.* 1 Kor. 8:4 tot 6 (PWL Vertaling).

Die Persoonlike Naam van die God van Abraham, Isak en Jakob, en dus van die God van die Skrifte, word in Hebreeus geskryf as יהוה (*yod, hey, vav, hey*) en getransliterer as Yahuah, en ook geskryf as YHVH (YHWH). Meer inligting oor die Persoonlike Naam van God kan gratis afgelaai word by:

<http://www.padwlewe.ch/downloads/God%20vd%20verbond.pdf>,

<http://nuwelielied.info/wp-content/uploads/2012/03/Ha-Shem-PDF-The-Book1.pdf> en

<http://nuwelielied.info/wp-content/uploads/2012/03/The-Most-Important-Word-A1.pdf>

Die vertalers van die Skrifte, en dus die Kerk, het YHVH gestroop van Sy Persoonlike Naam en Hom die generiese naam van *God* en *Here* gegee. Daarmee is die Karakter en Outoriteit van die ware Naam van die Lewende God tot die vlak van veralgemening afgewater. Geen wonder die meerderheid Christene ken nie die Naam van die Enigste Ware Lewende God nie en dien Hom ook nie volgens die onderrig en instruksies wat Hy vir Sy kinders gegee het nie!

YHVH se onderrig en instruksies is Sy *Torah* wat vertalers ook verkies het om as *die wet* te vertaal. Geen wonder dan dat die Christendom so 'n verkeerde opvatting oor die wet van God het nie, want die kerk het hulle nooit geleer dat die wet inderwaarheid die liefdevolle onderrig en instruksies van YHVH, die Lewende God is nie! Om dus te glo dat die wet opgehef is, is om te glo dat Vader-God se onderrig en instruksies tot niet verklaar is.

Die Karakter en Outoriteit van YHVH word in Sy wet (Torah) weerspieël en om selfs een enkele van hierdie onderrig en instruksies te verwerp, is om aan die Karakter en Outoriteit van YHVH die Almagtige te verander. Dit is om dan 'n afgod in die plek van die Lewende God daar te stel.

Wil jy weet watter god jy dien? Meet jousef aan die Tien Gebooie! Indien jy jou in gehoorsaamheid, en uit liefde, aan al tien gebooie onderwerp, dan dien jy die Lewende God wie se Persoonlik naam Yahuah (YHVH) is. Indien jy een gebod willens en wetens oortree, omdat jy glo dit is afgeskaf of uitgedien, dan dien jy 'n afgod of die god van jou eie wil!

Die antwoord op die eerste deel van die vraag in Spr. 30:4 is dus Yahuah ( יהוה YHVH). *Hy het na die hemel opgeklim en neergedaal? Hy het die wind in sy*

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)

*vuiste versamel? Hy het die waters in 'n kleeid saamgebind? Hy het al die eindes van die aarde vasgestel? Hy is YHVH (Yahuah) die Lewende God en Here. Daarom moet Jes. 42:8 soos volg lees:*

***Ek is יהוה, dit is My Naam; Ek sal nie My eer aan 'n ander gee nie, of My lofprijsing aan gesnede beelde nie (PWL Vertaling)***

Die kerk is dus daaraan skuldig dat hulle die Persoonlike Naam van die Lewende God, en daarmee saam die Karakter en Outorieit van hierdie Naam, van hulle volgelinge weerhou, asook dat hulle daarin slaag om hulle volgelinge te oortuig dat YHVH se onderrig en instruksies (die wet) 'n las is waarvan hulle bevry moet word. Vra jouself: *Verkondig die Kerk die Lewende God of 'n ander god?*

Meer belangrik is egter die vraag: *Ken jy die God wat jy aanbid en dien as Yahuah (YHVH), die Een wat jou deur sy Torah (die wet) wil onderig aangaande sondevergifnis deur geloof in die Messias (2 Tim. 3:14 en 15) en aangaande 'n leefwyse as geregverdigde om YHVH se voorsiening en beskerming deelagtig te wees (Joh. 10:10b)?*

Nou kom ons by die tweede gedeelte van die vraag wat in Spr. 30:4 gevra word, naamlik: *En hoe is die Naam van sy Seun – as jy dit weet?*

Ook in hierdie geval is daar weinig Christene wat die Persoonlike Naam van Vader-God se Seun as Yeshua ken. Soos in die geval van die Persoonlike Naam van YHVH, het die kerk ook die Seun van God gestroop van Sy ware Naam en aan Hom die naam Jesus gegee. Vervat in die Naam Yeshua is die Karakter en Outorieit van YHVH-God, maar die naam Jesus is nikseggend en daarvan gestroop. Yeshua het gekom in die Outoretit en Karakter van Sy Vader YHVH-God (Joh. 5:34). Hy is die afskynsel van YHVH se heerlikheid en die afdruksele van Sy wese en alle dinge dra Hy deur die Woord van Sy krag (Heb. 1:3). Verlossing is in geen ander Naam as die van Yeshua nie (Hand. 4:12). Daarom is die Lewende God en Sy Seun Een!

*....weet ons dat 'n afgod niks in die wêreld is nie en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een, want al is daar ook sogenaamde "gode," of dit in die hemel en of dit op die aarde is, soos daar dan ook baie "gode" en baie "meesters" is, is daar vir ons Een: God-die-Vader, vanuit Wie alles is en ons is in Hom; Een יהוה-Yeshua, Die Gesalfde Een, want alles is deur Hom en ook ons is in Sy hand. 1 Kor. 8:4 tot 6 (PWL Vertaling).*

Dit gaan egter veel verder, want die kerk het Yeshua ook gestroop van Sy Hebreuse (Joodse) identiteit en 'n nuwe Griekse identiteit aan Hom gegee. Die gevolg hiervan is dat die Hebreuse verbintenis – die Hebreuse wortels – van die hernieude (nuwe) verbond deur die kerk uitgewis is. Verder word diegene wat na hulle Hebreuse wortels wil terugkeer deur die Kerk veroordeel!

In die lig van al die voorafgaande glo ek dit is noodsaaklik dat Christene hulself moet vra: *Wie is die God wat ek dien en wat is sy naam? En hoe is die Naam van sy Seun?*

Talle Christene se veweer is dat 'n naam nie so belangrik is nie! Hulle oortuig hulself dat YHVH weet wie hulle bedoel, al weet hulle dit self nie! Dit is egter nie wat die Skrifte leer nie, want die Karakter en Outorieit van die Lewende God is in sy Naam en die Naam van Sy Seun vervat. Dit gaan alles oor die Persoonlik Naam van die Lewende God – oor YHVH-Yeshua! Die belangrikheid van YHVH se Naam word deur die derde gebod bevestig:

*Jy mag die Naam van יהוה, jou God, nie valslik gebruik nie, want יהוה sal die een wat Sy Naam valslik gebruik, nie ongestraf laat bly nie. Ex. 20:7 (PWL Vertaling).*

Die woord *valslik* (*ydelik*) beteken ook om *nutteloos te maak*. Is onkunde oor die Persoonlike Naam van die Lewende God, en onkunde oor die Karakter en Outorieit van hierdie Naam, nie om die Naam nutteloos te maak nie? Luister na die woorde van die profeet Maleagi:

*"Nou is hierdie opdrag vir julle, o priesters. As julle nie luister nie en as julle dit nie ernstig opneem om eer aan My Naam te gee nie," sê יהוה -Tzva'ot, "dan sal Ek die vloek onder julle stuur en julle seëninge vervloek en inderdaad, Ek het dit alreeds vervloek, omdat julle dit nie ernstig opneem nie. Mal. 2:1 en 2 (PWL Vertaling)*

Hoe kan ons bid en vra in die Naam van God as ons nie eers Sy persoonlike Naam ken nie?! Dan word daar gebid en gevra terwyl die onderrig en instruksies van die Ewige Wetgewer en Gewer van elke goeie gawe ook as uitgedien beskou word! Is talle onbeantwoorde gebede nie juis omrede Christene nie die Naam van die Lewende God en Sy Seun ken nie, asook weens hulle Torahloosheid (wetteloosheid, ongehoorsaamheid)?

Vir talle ywerige en opregbedoelende Christene vereis skrywes soos hierdie 'n denksprong (*paradigm shift*). Ek wil daarom afsluit met die hierdie woorde:

*Change can be very uncomfortable, particularly when it means giving up your most cherished axioms which have remained unexamined for decades – Johann D. Moller*

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

**N**ota: Die bedoeling van hierdie skrywe is nie om veroordelende te wees nie, maar is 'n herinnering aan die dag toe ek ook gekonfronteer was met: *Watter god dien Jy? Hoe is sy naam? En hoe is die naam van sy seun – as jy dit weet?* Dit het gebeur nadat ek al vir vele jare met groot ywer Bybelstudies gelei het, saam met my eggenote, Rachelle, 'n 'vernuwingsgemeente' begin het, deelyds die herder van 'n gemeente was en in verskeie gemeentes lering gegee het. Ek was verblind vir hierdie waarhede en was mislei! Ek was opreg in my bedoelinge, maar ek was opreg verkeerd! Daarom is my gebede dat hierdie skrywe ook sommige van my broers en susters in die Christendom sal bereik en 'n getuienis

en aanmoediging sal wees om self die Skrifte te ondersoek of hierdie dinge die waarheid is!

Shalom tot volgende keer.

Johan

Epos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie.  
Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan  
onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*